IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I 19 VOL. 64 PG. 3364-3399.

SAAKNOMMER: CC 482/85 DELMAS

1986-04-16

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN
ASSESSORE: MNR. W.F. KRUGEL
PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

64

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 64

(Bladsye 3364 - 3399)

HOF HERVAT OP 16 APRIL 1986.

MR TIP : My Lord, may I place on record that accused no. 6 is not present at court today. Your Lordship is aware of the reason for that and associated with that, my learned leader, Mr Bizos, is absent as well this morning.

GERHARD JOHANNES VILJOEN, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Brigadier, ons het gister gekom daar waar u vir Vosser beveel het, adjudant-offisier Vosser, dat hy moet onttrek omdat dit gevaarlik was en sy voertuig so beskadig was. Terwyl u in Seeisostraat afbeweeg het, kan u vir ons sê hoe lank het dit u geneem en wat het daar gebeur? -- Ek het reeds getuig dat daar kontak met die skare gemaak was, dat daar opgetree moes word. Hierdie kontak en teen-optrede was feitlik deurlopend tydens die beweging in Seeisostraat.

As u sê die kontak wat deurlopend was, was dit nou klipgooiery of waarna verwys u? -- Klipgooiery en teen-aksie van ons kant af deur middel van traanrookpatrone en rubberpatrone. Ek skat dat die lengte van hierdie straat plus-minus 5 kilometer is. Dit het ons tot ongeveer 07h30 geneem om van die een end van die straat na die ander end te beweeg.

HOF : Van ongeveer 06h25 af? -- Korrek. Om ongeveer 07h30 het ek berig ontvang dat die huis van ene raadslid Dhlamini deur 'n oproerige skare aangeval word.

MNR. JACOBS : Net voor ons daarnatoe gaan. Kan u vir ons sê, soos u beweeg het, wat het u opgemerk omtrent hierdie skare? -- Die skare was deurlopend oproerig en gewelddadig en het met klippe na ons gegooi. Ek het opgelet dat van die persone in die skare gekleed was in T-hempies met die woorde "UDF Unites - Apartheid Divides. COSAS Each one teach one." Andere met die woorde "RMC Release Mandela. AZAPO en AZASO." Tydens die

... / kontak

kontak met die skare het ek ook opgemerk dat sommige van hulle plakkate dra. Die bewoording daarvan was onder andere "We follow Moselane. Release Mandela. We will kill Dhlamini - Kill Dhlamini. Away with high rents. Councillors must resign."

Behalwe dit het u enige wapens miskien onder die skare gesien of ander items? -- Hierdie skare was deurlopend gewapen met kieries en klippe.

U het gesê u het berig ontvang van Dhlamini se huis wat aangeval word. Wat het u toe gedoen? -- Ek het onmiddellik daarheen vertrek.

Is dit ver van Seeisostraat af? -- Dit is nie baie ver daarvandaan nie.

HOF : Hoeveel blokke? -- Ek sal moeilik skat, maar ek was binne omtrent 10 minute daar op die toneel.

Is dit in Sharpeville? -- In Sharpeville.

MNR. JACOBS : Om daar te kom, moes u met systrate af beweeg? -- Ek moes met systrate af beweeg.

Wat het u gevind in die systrate? -- Hierdie strate was soms ook tot 'n mate versper deur klippe en voorwerpe.

Wat se voorwerpe? -- Soos asdromme. Die asdromme was omgekeer en die vullis op straat gelaat tesame met die drom. Dit was egter nie in dieselfde mate versper as waarin Seeisostraat versper was nie. Ek mag net hier noem dat ons noodwendig vinnig moes beweeg en ons soms meer teen die dak van die voertuig as op die sitplek was weens hierdie versperrings en klippe.

Met ander woorde, het u sommer oor hierdie goed gery? -- Ons het oor dit gery.

Goed? -- Met aankoms op die toneel te Dhlamini se huis het ek gevind dat ander lede van my eenheid reeds daar opgetree het. Ek het mense van die huis af sien wegbeweeg.

... / Wat

Wat se mense? -- Swartmense van enige geslag, mans, vrouens, gemeng, jong mense. Ek is deur Dhlamini meegedeel dat hy van 'n 9mm pistool in die verdediging van sy woning gebruik gemaak het en dat hy seker was dat hy van sy aanvallers moes getref het. Met my aankoms het ek gevind dat die ruite van die huis reeds stukkend was. Ek het aan Dhlamini aanbeveel dat ons hom sowel as sy gesin na 'n veilige plek verwyder. Hy wou nie van die aanbod gebruik maak nie en het beweer dat hy sy eie woning sou verdedig. Ek het die omgewing van die woning patroleer ten einde vas te stel of ek enige gewonde of beseerde persone sou kon vind en ook om te sien of daar enige verdere skarevorming in die onmiddellike omgewing was. Ek het geen beseerdes of persone wat gedood is gevind nie en op daardie tydstip ook geen besondere skarevorming in die omgewing van die woning waargeneem nie.

U het gesê toe u aangekom het, het u gesien die skare beweeg weg of mense beweeg weg, wat u nou beskryf het as so 'n gemengde klomp mense. Kan u vir ons sê hoe 'n groot groep mense dit was of hoeveel mense en waarheen het hulle wegbeweeg? -- Nee, dit is moeilik om te sê hoeveel. U weet, hulle beweeg tussen die huise deur. Die wegbeweging was na die noordekant van die gebied.

Het hulle dan tussen ander huise inbeweeg? -- Op daardie stadium was daar nie 'n besondere groep nie. Die mense het tussen die huise inbeweeg.

Die gedeelte van die mense wat u daar gesien het, het hulle enigiets by hulle gehad of het u gesien dat hulle enigiets het? -- Ek het nie enigiets in hulle besit waargeneem nie.

Pamflette of iets van die aard? -- Nee.

Het u iets besonders omtrent hulle kleredrag opgemerk? --

... / Nie

Nie by daardie toneel nie.

Gaan voort. U het nou rondbeweeg en u kon geen beseerde persoon kry nie. -- Om 08h56 terwyl ek nog daar in die omgewing was, het ek berig ontvang dat die woning van ene konstabel Radebe deur 'n oproerige skare aangeval word.

Is dit ook nog in Sharpeville? -- Dit is nog steeds in Sharpeville nie ver van die woning van Dhlamini af nie.

Kan u net vir ons 'n aanduiding gee, as u sê nie ver nie, hoe ver daarvanaf? -- Dit het my omtrent 'n minuut en 'n half geneem om daar uit te kom.

U het daarheen gegaan? -- Ek het daarheen vertrek. Onderweg daarheen het nog 'n voertuig van die eenheid by my aangesluit.

En van Dhlamini se huis of van die omgewing waar u gepatrolleer het tot by die huis van die polisiebeampte, was daar versperrings gewees? -- Daar was maar orals deurlopend versperrings. Met aankoms by die woning het ek 'n skare van plus-minus 100 persone aangetref, weer eens 'n gemengde skare, wat besig was om 'n aanval op hierdie woning te loods.

Kan u net vir ons meer besonderhede hiervan gee? -- Deur middel van klippe daarheen te gooi.

Waar was hulle toe hulle die klippe gooi? -- Hulle was in die straat voor die woning. Op daardie tydstip was die ruite van die woning aan die straatkant ook reeds gebreek. Ons het weer eens deur middel van rubberpatrone en traanrookpatrone teen die skare opgetree. Hulle het van die huis af wegbeweeg.

Net voor u aangaan daar, kan ek net vir u vra, toe u daar kom, was daar enige optrede teen die polisievoertuie wat daar opgedaag het? -- Daar was met klippe na die polisievoertuie gegooi.

... / Waarin

Waarin u was? -- Ja. Die skare het wegbeweeg, maar kort by die woning weer eens gegroepeer. Ek kon waarneem dat daar twee prominente Swartmanspersone was wat die skare aangestig het. Hulle het die polisie uitgedaag om nader te kom. Ek het opdrag aan ene luitenant Du Plooy gegee om een skoot met 'n haelgeweer op elkeen van hierdie persone te vuur. Ek het opgelet dat beide skote getref het. Die skare het daarna uiteen beweeg. Terwyl hierdie skare ons getart het, het hulle dieselfde slagspreuke as waaroor ek voorheen getuig het, geskreeu. Tussen hierdie groep het ek ook persone met die T-hempies soos reeds getuig opgemerk.

Het u enige plakkate hier opgemerk? -- Ek het geen plakkate op hierdie toneel opgemerk nie.

U het gesê die persone is blykbaar getref. Het hulle geval daar of wat het gebeur? -- Nee, 'n mens kon sien dat hulle ruk. Hulle het nie geval nie.

Wat het van hulle geword? -- Hulle het tussen die skare in verdwyn.

Hierdie twee prominente persone, het hulle enige kentekenende klere aangehad? -- Nie besonders nie.

As u sê hulle het uiteen beweeg, hoe het hulle uiteen beweeg? Waarheen het hulle gegaan? -- Hulle het weggehardloop en tussen die huise in verdwyn.

Toe u die skare daar aangetref het in die pad, was hulle gewapen met enige soort wapens? -- Deurlopend met klippe bewapen. Ek het enkele stokke ook opgelet.

Wat gebeur verder? -- Aangesien dit vir my baie duidelik was uit die skare se gedrag dat hulle dit ernstig maak met die aanval op hierdie polisiebeampte se woning, het ek twee polisiebeamptes met 'n voertuig daar gelaat om te help in die verdediging van die woning. Om ongeveer 09h00 terwyl ek nog op

... / hierdie

hierdie toneel besig was, het ek berig ontvang dat die woning van raadslid Dhlamini aan die brand gesteek is en dat hy sowel as 'n voertuig ook aan die brand gesteek is. Na afhandeling op die toneel het ek weer na die woning van Dhlamini teruggekeer. Ek het ander lede op die toneel aangetref. Ek het opgemerk dat die huis aan die brand gesteek was.

Het dit nog gebrand? -- Die woning het nog gebrand. 'n Voertuig voor die woning het ook steeds gebrand. Dhlamini het skuins agter die voertuig gelê en was ook aan die brand op daardie stadium. Hy was volgens my waarneming reeds dood. Terwyl ek op hierdie toneel met die ondersoekspan besig was en om ongeveer 09h25 het ek 'n berig ontvang dat 'n oproerige skare weer eens die woning van Radebe aanval. Ek is weer eens daarheen. Ek het met aankoms gevind dat persone besig was om van die huis af weg te beweeg.

Wat se persone nou? -- Weer eens 'n gemengde skare Swartpersone.

'n Groot skare? -- Ek skat so ongeveer 100, 150 na 200 persone. Hulle was op daardie stadium aan die agterkant van die woning en het beweeg in die rigting van 'n biersaal daar naby. Toe hulle deur ons genader is, het hulle tussen die huise verdwyn en uiteen beweeg. Ek het ook opgelet dat die betrokke biersaal reeds feitlik totaal uitgebrand was.

Die biersaal, is dit naby die huis van Radebe? -- Dit is naby sy huis. Aangesien die persone uiteen beweeg het en daar geen aanval op die polisie op daardie tydstip geloods was nie, was daar geen optrede nodig nie. Ek het met patrollie in die omgewing voortgegaan. Ek bedoel daarmee in Sharpeville. Om ongeveer 09h35 het ek afgekom op 'n toneel naby die United Kafee.

In watter straat is dit? Kan u onthou? -- Ek het nie die straatnaam geneem nie.

... / Dit

Dit is nie Seeisostraat nie? -- Nee, dit is nie in Seeisostraat nie. Op hierdie toneel het ek gevind daar is weer eens 'n gemengde skare Swartpersone van tussen twee- en driehonderd in getal wat besig was om straatversperrings aan te bring, deur middel van klippe, asdromme ensovoorts en dat hulle ook besig was om adjudant-offisier Vosser en die lede onder sy beheer wat ek vroeër die oggend uit die gebied uitgestuur het te tart en uit te nooi om hulle aan te val.

Waar was Vosser-hulle? -- Hulle was 'n entjie daarvandaan. Hulle het langs die voertuig gestaan. Dit is heel aan die buitekant van die Sharpeville gebied.

Hoe ver ongeveer van hierdie United Kafee af? -- Dit was seker van die United Kafee af so plus-minus vyf-, seshonderd treë. Ek het besluit dat daar teen hierdie skare opgetree moes word. Ek het die lede onder my beheer na die toneel ontbied. Die voertuie waarin ons gewerk het, onder beheer van adjudant-offisier Vosser gelaat en hierdie skare te voet genader. Hulle het ons steeds uitgedaag om nader te beweeg. Uitroepe van "Wit honde" gevolg deur "Hindya, hindya, hindya" was aan ons gerig. Toe ons binne klipgooi-afstand was, was daar ook klippe na ons gegooi. Ek het die skare in terme van die Wet op Binnelandse Veiligheid in beide amptelike tale gewaarsku om uiteen te gaan. Ek het hierdie waarskuwing deur middel van 'n Swartlid in 'n Swarttaal laat herhaal, die groep tien minute geleentheid gegee om uiteen te beweeg. Daar was geen reaksie van hulle kant af nie, behalwe dat hulle slagspreuke geskreeu het, waaroor ek ook reeds getuig het en klippe na ons gegooi het. Nadat die tien minute verstreke was, het ons nader beweeg en wel tot so 'n mate dat klippe tussen ons geval het en sommige van die lede inderdaad raakgegooi was.

... / Hoeveel

Hoeveel lede was u? -- Ons was twaalf lede. Ek het opdrag gegee dat twee traanrookpatrone gevuur word. Dit het 'n mate van uiteenbeweging van die skare tot gevolg gehad. Hulle was egter weer deur 'n Swartman teruggeroep. Ek kon hom duidelik waarneem. Hy het agter 'n asdromdeksel geskuil.

Was dit as 'n soort skildvel gebruik? -- Hy gebruik dit as 'n soort skildvel.

Wat was die skare se reaksie toe hy hulle roep? U sê hulle het uiteen gegaan en toe roep hy hulle terug? Wat doen hulle toe hy hulle terugroep? -- Hulle het weer hergroepeer.

En? -- Met die aanval op die polisie voortgegaan.

Is dit nou met klippe? -- Met klippe steeds. Ek het opdrag aan luitenant Du Plooy gegee om een skoot met 'n haelgeweer op hierdie prominente leier te vuur. Die opdrag is uitgevoer. Hierdie persoon is getref en hy het geval. Dit het tot gevolg gehad dat die skare uiteen gespat het. Met aankoms op die toneel waar die persoon geval het, het ek gevind dat hy inderdaad in die voorkop getref was. Dit het vir my voorgekom asof die wonde aan sy kop veroorsaak was deur skerwe van die asblikdeksel. Dit was snywonde. Hierdie persoon was slegs bewusteloos. Hy is later van die toneel af vervoer na die hospitaal toe.

Kan ons net meer besonderhede oor hierdie skare kry toe hulle daar die polisie getart het en so aan en miskien kleredrag. Kan u net vir ons meer besonderhede gee? -- Daar was weer eens die T-hempies, COSAS, UDF, AZASO en AZAPO waarneembaar. Die gebruiklike slagspreuke was geskreeu maar daar kan ek byvoeg toe ons hulle genader het, het hulle onder andere ook geskreeu "We are the soldiers of Mandela. We are the soldiers" gevolg deur Umkhonto.

Wat het van hierdie skare geword toe? -- Die skare

is uiteen en het tussen die huise in verdwyn. Terwyl ek self met hierdie optredes besig was, het verslae van aanvalle op polisievoertuie, wonings van raadslede, drankwinkels en besighede my met eentonige reëlmaat van my manne af bereik.

Dit is nou in Sharpeville? -- Deur die gebiede Sharpeville, veral Sebokeng. Die oggend na 09h00 ook van Boipatong en in 'n mindere mate van Bophelong af. Tussen die ure 06h05 tot 09h46 die oggend is 32 voorvalle aangemeld. Indien ons dit na minute terugbereken om 'n gemiddelde te kry, kom dit daarop neer dat ons ongeveer elke 6,5 minute 'n voorval gehad het waaraan aandag geskenk moes word. Om 09h46 het ek besluit dat ons die toestand nie met die aanwending van minder gevaarlike wapens en daarmee bedoel ek traanrook en rubberpatrone, onder beheer sou kry nie. Ten einde die toestand te probeer beheer en die verlies van menselewens en verdere beskadiging aan eiendom te voorkom, het ek om 09h46 opdrag gegee dat van skerp ammunisie, onder beheer van offisiere en sonder enige roekeloosheid gebruik gemaak moes word. Met skerp ammunisie bedoel ek dat 'n groter kaliber haelpatrone aangewend moes word, dat daar van die handmasjien karabyn asook van die R1-geweer gebruik gemaak kon word. Na die laaste voorval om 09h35 was ek persoonlik in geen botsings of voorvalle betrokke nie. Ek het met patrollie voortgegaan. Toestande in Sharpeville het afgeplat, maar volgens die berigte uit Sebokeng het toestande daar toegeneem, het nog steeds voorvalle plaasgevind. Tussen 09h46 daardie dag en 23h30 die aand, toe dit stil geword het in al die gebiede, is honderd-en-vyf voorvalle aangemeld.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Is dit vir die hele dag? Van die oggend vroeg af? -- Van 09h46 tot ongeveer 23h30 daardie aand.

HOF : Dit nou deur die hele gebied? -- Deur die hele gebied.

As u praat van 'n voorval, bedoel u dan van 'n aanval op

... / persone

persone of op eiendom of sluit u ook daar onder in optrede van die polisie om 'n skare uiteen te jaag? -- Ek sluit alles daarby in. Dan het ons ook verslae ontvang van beweerde klipgooiery, waar 'n mens dan by die toneel kom en niks vind nie.

Dit is ook 'n voorval? -- Dit is ook 'n voorval. As ons dan weer eens 'n berekening sou gaan maak, kom dit daarop neer dat daar so min of meer elke 7,8 minute 'n voorval was wat polisie-aandag geverg het.

MNR. JACOBS : Gaan voort. -- Tussen die ure 14h00 en 24h00 op die 3de is versterkings vanuit Pretoria ontvang in die vorm van 245 Blankes en 119 Swartlede van die Mag asook 16 Casspir voertuie. Hierdie lede was, soos hulle aangemeld het, ook in die verskillende woongebiede geplaas. Kolonel Van Rooyen was in Sebokeng geplaas om majoor Louw daar te help met plaaslike bevelvoering. Ekself het in beheer gebly van Sharpeville, Boipatong en Bophelong. Op 4 September 1984 ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

Kan ek net vra, met ontplooiing van die versterkings en meer polisie in die gebied, het dit effektief gewerk, het daar minder voorvalle plaasgevind? -- Nie juis nie. In Sharpeville, Boipatong en Bophelong het voorvalle baie afgeplat, maar nie waarneembaar in Sebokeng nie, tot ongeveer 23h30 toe dit algemeen in die gebiede stil geraak het.

Goed? -- Op 4 September 1984 was slegs enkele voorvalle in Sharpeville, Boipatong en Bophelong aangemeld. Dit het min of meer daaruit bestaan dat besighede, winkels ensovoorts die vorige dag reeds aan die brand gesteek was, geplunder is en dat wanneer die polisie dan daar optree hulle met klippe gegooi is. In Sebokeng was die aanmelding van voorvalle steeds op 'n hoë vlak.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Die eerste enkele aanmeldings waarvan

u gepraat het, waar was dit? In Sharpeville?

HOF : Sharpeville, Bophelong en Boipatong, die drie. In Sebokeng sê u was daar steeds 'n hoë aanmelding van aanvalle? -- Dit is korrek.

Dit is op die 4de? -- Op die 4de.

Is dit dwarsdeur die 4de? -- Periodiek feitlik dwarsdeur.

Sou dit dan beteken dat op die oggend van die 4de dit weer begin het, want die aand van die 3de het dit stil geword, het u gesê? -- Dit is korrek. Op die 4de het ek voortgegaan met patrollies in Sharpeville en ek het die gebiede Boipatong en Bophelong ook periodiek besoek. Daar was op daardie dag geen aanvalle op my voertuig geloods nie. Op die aand van die 4de het ek opgelet dat daar een of ander organisasie in Sharpeville aan die gang was. Persone in pare van twee tot vier het van huis tot huis beweeg. Ek kon egter nie daarin slaag om een van hierdie groepe in die hande te kry nie. Hulle het eenvoudig met die sig van 'n polisievoertuie tussen die huise verdwyn. Ek kon derhalwe nie vasstel watter organisasie daar aan die gang gewees het nie. Deur die nag van die 4de het daar ook nie juis voorvalle in daardie drie gebiede plaasgevind nie. Enkele voorvalle was egter vanaf Sebokeng rapporteer.Op die oggend van die 5de om ongeveer 06h00, toe ek Sharpeville binnebeweeg, het ek 'n besondere bedrywigheid, 'n beweging van mense waargeneem. Daar was egter geen aanvalle op my geloods nie. Die persone het in die strate rondgehardloop met die sogenaamde vredesteken, wat duidelik waarneembaar was.

HOF : U hou u regterhand in die lug met die wysvinger en middelvinger uiteen in die vorm van 'n V? Die res van die vingers is aaneengeslote? -- Ja. Ek het ook afgelei dat die persone wat ek teëgekom het, nie aggressief was nie. Ek het berig ontvang dat 'n groot skare van plus-minus tienduisend persone

... / in

in die omgewing van die Sharpeville polisiestasie byeen was. Ek het die lede wat die verslag aan my gelewer het, aangesê om nie teen die skare op te tree nie en om inteendeel weg te beweeg van hulle af, aangesien ekself hulle reaksie sou gaan waarneem. Met aankoms het ek 'n groep gemengde persone, weer eens Swartpersone, van volgens my skatting tussen vyf- en seshonderd gevind.

HOF : Is dit nou by die polisiestasie? -- Kort by die polisiestasie.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Is dit dieselfde tienduisend waarvan u praat? -- Ek aanvaar dit is dieselfde as wat deur die ander lede as tienduisend geskat was.

U sê vyf-, seshonderd? -- Tussen vyf- en seshonderd was my skatting. Ek het weer eens hierdie vredesteken algemeen waargeneem. Uit my kennis van die Swartman het ek die afleiding gemaak dat hulle nie aggressief was nie. Ek het by die groep stilgehou en met 'n persoon wat vir my as prominent voorgekom het gepraat. Dit was 'n Swartmanspersoon. Ek het vir hom gevra wat hulle wou hê. Ek is meegedeel dat die inwoners van Sharpeville nie meer wou baklei nie, maar dat hulle graag hulle onderhoud met die polisie en die Lekoa Stadsraad wou hê. Ek het aan die persoon gesê dat hy kon reël dat hulle beweeg tot naby die raadskantore in Sharpeville en dat hulle daar byeen kon kom. Ek het ook 'n versoek aan hom gerig dat hulle 'n afvaardiging sou saamstel wat uit nie meer as tien persone moes bestaan nie. Ek het ook aan hom gesê dat ek intussen sou poog om 'n afvaardiging van die Stadsraad beskikbaar te hê. Ek het alle polisiepatrollies uit die gebied onttrek en hulle aangesê om by die raadskantore byeen te kom. Daar het later, ek dink dit was hier ongeveer tussen 09h00 en 10h00 'n skare van tussen vyf- en sesduisend op die gegewe punt

... / byeengekom

byeengekom.

HOF : Nie tussen vyf- en seshonderd nie? 'n Duisend? Tussen vyf- en sesduisend? -- Ja, dit is korrek. Ek het die skare genader ten einde vas te stel of hulle reeds op 'n afvaardiging besluit het. Ek het 'n Swartpredikent, eerwaarde Lord McCamel, soos ek hom later leer ken het, op die toneel gevind. Ek het aangeneem dat aangesien hy 'n predikant is, hy moontlik betrokke sou wees by die afvaardiging of die organisering daarvan. Ek het dus met hom 'n gesprek gevoer. Hy het aangedui dat hulle reeds 'n afvaardiging saamgestel het, maar dat die skare 'n besondere persoon, eerwaarde Moselane, ook graag teenwoordig wou hê.

MNR. JACOBS : Dit is beskuldigde nr. 3? -- Korrek. Ek is op navraag meegedeel dat die persoon vermoedelik te Evaton sou wees. Ek het aangebied om reëlings te tref dat hy gehaal sou word. 'n Gids is aan my voorsien.

Deur wie? -- Uit die geledere van die skare en ek het gereël dat 'n voertuig van die Ontwikkelingsraad die gesogte persoon sou gaan haal. Hierdie voertuig het dan ook later teruggekeer met 'n persoon wat ek as 'n predikant herken het weens die kleredrag. Ek is meegedeel dat eerwaarde Moselane nie gevind kon word nie en dat die persoon wat toe op die toneel opgedaag het, eerwaarde Ben Potolo was. Daarna is 'n afvaardiging van sewe persone na die raadskantore gestuur deur die skare. Ek gaan die name probeer onthou. Die Hoof van hierdie afvaardiging was eerwaarde Ben Potolo. Dan was daar mnre. Radebe, Ramakhoase ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

Ek het met mnr. Tip gepraat, dit is blykbaar nie in geskil nie, was daar ook mnre. Meshack Chalo, mnr. P. Mogwe, Lydia Makame ... -- Dit was die enigste vroulike persoon.

Die laaste een was mnr. Tsepo Potolo. Was dit die

... / afvaardiging

afvaardiging? -- Korrek.

Net voor ons aangaan. Dit is nou die afvaardiging van die skare? -- Korrek.

Die versoek was om die Lekoa Stadsraad te ontmoet. Kon u enige van die raadslede in die hande kry? -- Nie van die raadslede nie. Die stadsklerk, ene mnr. Louw, mnr. Kruger, mnre. Erasmus en Matthysen.

Net om dit duidelik te stel, die raadslede het al op daardie tydstip gevlug gehad en het weggekruip? -- Korrek.

Gaan voort? -- Die vier genoemde persone was die verteenwoordigers van die Lekoa Stadsraad. Ek self het op versoek as polisieverteenwoordiger opgetree. Tydens die samesprekings is eise gestel, bewerings gemaak en aanbevelings gedoen. Hierdie eise en bewerings was deur eerwaarde Ben Potolo as hoofsegsman van die verteenwoordigers van die inwoners genoem Ek onthou dat daar sestien punte gestel was. Eerstens dat die huur in die gebiede nie verhoog word nie, maar instede verminder word na R30,00 toe; dat alle raadslede moes bedank; 'n bewering dat die gemeenskap dan sy eie Stadsraad sou saamstel, maar dan nie in terme van die Wet op Swart Plaaslike Besture nie, aangesien hierdie wet, 'n wet van die Parlement is waarin die Indiërs en Kleurlinge wel 'n sê het, maar waarvan die Swartgemeenskap uitgesluit is. Voorts dat die bedrag van R50,00 vir elektrisiteit te hoog is; dat die bedrag van R15,00 wat betaalbaar is vir die toets van elektrisiteitsmeters ook te hoog is; dat die polisie uit die Swartgebied moes onttrek word; dat raadslede nie huishuur betaal nie.

HOF : Dit is nie 'n eis nie, dit is 'n stelling? -- Dit is 'n stelling; dat besigheids of besighede in die gebied deur raadslede monopoliseer word; dat raadslede tydens die verkiesing komberse aan oumense uitgedeel het om sodoende hulle stemme

... / te

te werf; dat raadslede nie wou toelaat dat inwoners huise omruil nie; dat die polisie - dit is nou weer 'n eis - die gebied van Sharpeville nie moes binnekom nie, aangesien hulle die publiek antagoniseer en vir verdere onluste verantwoordelik mag wees; dat alle aangehoudenes vrygelaat moes word; dat naasbestaandes toegelaat moes word om persone in aanhouding te besoek; dat inwoners toegelaat moes word om begrafnisse by te woon.

MNR. JACOBS : Was daar enigiets omtrent dat 'n afvaardiging van enige persone Stadsraadvergaderings sou bywoon? -- Ja, dat 'n afvaardiging van drie persone uit die gemeenskap toegelaat moes word om 'n Stadsraadvergadering waarby die 1984/85 begroting - waar die verhoging van huurgelde van R5,90 ter sprake sou kom.

HOF : Waar die begroting bespreek sou word? Of waar die verhoging bespreek sou word? -- Waar die begroting as gevolg waarvan hierdie verhoging dan afgekondig is, bespreek sou word. Daar was 'n verdere versoek gerig dat die busdiens op die volgende dag, dit is op die 6de, hervat moes word, aangesien die inwoners graag wou gaan werk.

MNR. JACOBS : Hierdie eise wat nou gestel was ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Is dit al die eise? Laat ons dit net eers vasstel. Is dit al wat u kan onthou? -- Dit is al wat ek kan onthou. Ek glo dit is alles.

MNR. JACOBS : Omtrent hierdie eise wat gestel was wat die polisie geraak het, het u daarop vir hulle geantwoord? -- Ek het daarop geantwoord dat die eis dat die polisie uit die gebied moes onttrek, dat ons dit sal doen sodra omstandighede ons toelaat om dit te doen; dat aangehoudenes nie sonder meer vrygelaat kan word nie; dat daar geen beswaar is dat

... / familielede

familielede aanhoudenes besoek nie; dat daar ook geen beswaar is dat begrafnisse bygewoon word nie; dat die ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Net 'n oomblik. Het ons al 'n punt gehad oor begrafnisse?

MNR. JACOBS : Ja. Naby die end het hy een genoem. -- Dat die polisie die woongebiede nie sal binnegaan tensy omstandighede soos wat dit toe was dit vereis het nie. Met ander woorde, dat wanneer omstandighede normaliseer en die teenwoordigheid van die polisie nie meer daar nodig is nie, ons nie daar sal wees nie.

En hierby aangesluit was die versoek ook aan u gerig dat die busse weer moet loop. Wie het die busse gestop dat hulle in die dorpsgebied ingaan? -- Ek het opdrag gegee aan die busmaatskappye dat die busse nie langer die dorpsgebied moes bedien nie, aangesien dit onmoontlik was om dit te doen.

HOF: Dit is nou alreeds op die 3de? -- Op die 3de reeds.

MNR. JACOBS : En wat het u vir die afvaardiging hieromtrent gesê toe hulle gevra het dat busse weer moet loop? -- Op die versoek dat die busse weer moes loop, het ek onderneem om met die busmaatskappy te onderhandel dat die busse wel loop, met die enkele voorwaarde dat die inwoners hierdie strate wat hulle self versper het en onbegaanbaar gemaak het, self sal skoonmaak. Na afhandeling van die vergadering het die skare wat daar byeen was dan ook van daardie punt waar hulle was begin om die strate skoon te maak en begaanbaar te maak. Ons het op daardie dag na afhandeling van die vergadering met patrollies in die gebied voortgegaan. Ek was in geen voorvalle betrokke nie en as ek my korrek herinner was daar uit Sharpeville geen voorvalle aan my gerapporteer nie.

Ek wil net terugkom na hierdie byeenkoms toe. Kan u onthou wat die verteenwoordigers van die Raad, mnre. Louw en

... / daardie

daardie mense gesê het op daardie eise of stellings wat daar gemaak was? -- Hulle het probeer verduidelik waarom 'n huurverhoging nodig was. Op die samestelling van 'n raad uit eie geledere is geantwoord dat 'n raad slegs kragtens wet saamgestel kan word en op die ander punte dat ondersoek ingestel sal word. Hulle het ook gesê dat daar geen beswaar is dat verteenwoordigers 'n raadsvergadering bywoon nie en ek herinner my dat mnr. Louw gesê het dit kan gereël word.

Gaan voort. -- Die busdiens is op die oggend van die 6de in Sharpeville hervat en volgens my waarneming het werkers op groot skaal daarvan gebruik gemaak. Op die oggend van die 6de om ongeveer 10h00, terwyl ek in Sharpeville was, het ek berig ontvang dat 'n groot skare Swartmense in Gebied 14, Sebokeng versamel het en dat 'n versoek gerig was dat hierdie byeengekome persone my self wou spreek. Ek het gelas dat alle polisiepatrollies uit daardie omgewing onttrek word en daarheen vertrek. Met aankoms op die toneel het ek gevind dat daar 'n skare van volgens skatting plus-minus tienduisend byeen was. Alhoewel hierdie persone nie aggressief was nie, was hulle nie so ontspanne as die persone met wie ek op die 5de te Sharpeville te doene gehad het nie. Ek kon 'n mate van gespannendheid aanvoel. Ek het egter besluit dat ek met die mense gaan praat. Ek het weer eens gesprek gevoer met eerwaarde Lord McCamel.

Was hy deel van hierdie groep? -- Hy was deel van hierdie groep.

En eerwaarde Ben Potolo, was hy ook daar teenwoordig? -- Hy was daar. Daar was, as ek my korrek herinner, ses eerwaardes daar teenwoordig.

Kan u hulle onthou? -- Ek dink so. Dit was eerwaardes Lanko, Lord McCamel, Ben Potolo, Bounbezele, Flattery, die

... / enigste

enigste Blanke-eerwaarde en Lennon.

HOF : Is hy Blank of Nie-Blanke? -- Hy is Nie-Blank.

MNR. JACOBS : U het nou met eerwaarde Lord McCamel gepraat wat u reeds al geken het. Wat het gebeur? -- Hy het my meegedeel dat hulle graag samesprekings wou voer, maar dan nie met my alleen nie, hulle sou weer eens iemand van die Stadsraad daar wou hê. Ek het per radio gereël dat die Stadsraad wel iemand beskikbaar stel en mnr. Louw, die stadsklerk, het wel later op die toneel opgedaag. Daar was weer eens sommer daar op die toneel gepraat en ek herinner my dat daar vier punte bespreek was of geopper was. Eerstens dat die afvaardiging toegelaat word om te help om die situasie wat daar in die woongebiede geheers het te probeer ontlont, dat die bedrag van R5,90 in die huurverhoging opgeskort word totdat toestande in die gebied normaliseer het; dat 'n afvaardiging van die gemeenskap toegelaat word om 'n raadsvergadering by te woon waarop die huurkwessie dan bespreek sou moes word; dat by hierdie vergadering ook senior amptenare van die Stadsraad asook amptenare van die Ontwikkelingsraad teenwoordig moet wees en ook 'n versoek dat die busdiens op die oggend van die 7de in Sebokeng hervat moes word. Mnr. Louw het onderneem om die vergadering soos versoek te reël. Hy het ook gesê dat huurverhogings nog nie in werking was nie en ook onderneem om te reël dat die busdiens hervat sou word. Die busdiens is dan ook op die oggend van die 7de hervat en weer eens is daar deur die gemeenskap op groot skaal daarvan gebruik gemaak.

HOF : Is daar ook weer eens gesê dat die strate opgeruim moes word deur die mense? -- Nee. Daardie gesprek was deur mnr. Louw gevoer met my as bystaander. Na hierdie samesprekings het die voorkoms van voorvalle soos reeds gemeld baie afgeplat, veral in die gebiede Sharpeville, Boipatong en Bophelong.

... / Geïsoleerde

Geïsoleerde voorvalle het egter nog steeds in Sebokeng voorgekom.

MNR. JACOBS : Wat se geïsoleerde voorvalle praat u nou van? -- Hoofsaaklik voorvalle van klipgooiery en plundering van winkels wat reeds deels aan die brand gesteek was. Op die oggend van die 8ste ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

8 September 1984? -- 8 September 1984 is 'n vergadering soos deur die afvaardiging versoek gehou.

HOF : Is dit nou tussen Stadsraad en afvaardiging? -- Ja.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Is dit albei die afvaardigings, die een van Sharpeville en die een van Sebokeng? -- Daar was persone wat by Sharpeville betrokke was teenwoordig. Die afvaardiging het bestaan uit lede van die Stadsraad.

HOF : U bedoel die vergadering? -- Die vergadering, personeel van die Stadsraad wat Blankes was.

Dit is nie lede nie, maar personeel? -- Personeel.

Nie Stadsraadslede nie? -- Lede van die Stadsraad en per-
K201 soneel, asook lede van die Ontwikkelingsraad. Ek het weer eens die polisie verteenwoordig en dan was daar ook die afvaardiging van die gemeenskap. Hierdie is 'n lang lys name. Ek kan egter onthou dat eerwaarde Ben Potolo, eerwaarde Lord McCamel, eerwaarde Moselane ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

MNR. JACOBS : Is dit beskuldigde nr. 3? -- Beskuldigde nr. 3. en ook mev. Lydia Makame, onder andere deel van die afvaardiging was. Op hierdie vergadering was vier punte ter bespreking voorgelê. Eerstens dat die huur nie verhoog word nie, maar wel verminder word; dat alle raadslede moes bedank; dat die polisie uit die gebied moes onttrek en dat die treitering van inwoners en pasiënte in hospitale gestaak word; dat 'n onafhanklike ondersoek gedoen word na die wyse waarop besigheidslisensies toegeken word.

Net by die optrede wat die polisie raak, is daar enigiets

... / gesê

gesê van aangehoudenes?

HOF : Net 'n oomblik. Ek het nou vyf punte. (1) Dat die huur nie verhoog word nie, maar verminder word; (2) dat alle raadslede moet bedank; (3) dat die polisie moet onttrek; (4) dat die treitering van inwoners en pasiënte in hospitale gestaak moet word en (5) 'n onafhanklike ondersoek na die toekenning van besighede? -- Dit is wat ek kan onthou.

Dit was dus nie vier punte vir bespreking nie, maar vyf punte vir bespreking?

MNR. JACOBS : Hierdie laaste twee was saamgevat as een. Net by hierdie laaste punt wat u gemaak het dat treitering nie plaasvind nie en dat pasiënte - omtrent die pasiënte, was daar enigiets oor daardie aspek gesê, was die punt ingesluit omtrent aangehoudenes? -- Ja, dat aangehoudenes vrygelaat word. Hierdie laaste was as een punt saamgevat. Ek herinner my dat slegs die eerste twee punte ter bespreking gekom het.

Dit is bedanking van alle raadslede. Is dit reg? -- Dit is korrek.

En dat die huur nie verhoog moet word nie, maar verminder moet word? -- Ja.

Ja? -- Daar was 'n lang bespreking oor die punt dat alle raadslede moet bedank gevoer. Die burgemeester, mnr. Mahlatsi, het hoofsaaklik as segsman vir die Raad opgetree. Verskillende persone uit die afvaardiging het daaraan deelgeneem. Die burgemeester se gesprek het in hoofsaak daarop neergekom dat raadslede nie kan bedank sonder dat hulle deur die kiesers, soos hy dit noem, sy "constituency" versoek word om so te doen nie. Tydens die bespreking van die punt dat huur nie verhoog nie, maar verminder moet word, is gepoog om aan die teenwoordiges te verduidelik dat die inwoners van die gebied, strate, hospitale ensovoorts wou hê, water en ligte en wat daarmee

... / gepaard

gepaard gaan en dat hierdie dienste noodwendig uitgawes tot gevolg het. Terwyl hierdie punt onder bespreking was, het die afgevaardigdes van die gemeenskap vir 'n kort verdaging gevra en nadat hulle teruggekeer het, is gesê dat dit geen doel dien om met verdere besprekings voort te gaan nie ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

Wie het so gesê? -- Ek herinner my dat dit eerwaarde Moselane was.

Beskuldigde nr. 3? -- Korrek, alvorens raadslede nie bedank het nie. Die burgemeester het gepleit dat samesprekings voortgesit word, aangesien dit volgens hom tog 'n doel kon dien. Die afvaardiging het egter botweg geweier en die byeenkoms of vergadering is toe uiteen.

Het u na daardie datum nog voortgegaan in die gebied - het die polisie in die gebied gebly? -- Korrek. Die polisie het voortgegaan met hulle taak in die Swartwoongebiede. Soos reeds gesê het voorvalle al minder voorgekom. Ek het egter afgelei dat daar 'n hoë vlak van intimidasie regdeur die gebiede aan die gang was. Wanneer ons per geleentheid persone arresteer het wat klippe na busse gegooi het en ander geleenthede ook, is op my vraag waarom hulle dit doen geantwoord dat "Húlle sê ons moet, want as ons dit nie doen nie, gaan húlle ons huise aan die brand steek." Ek kon nooit vasstel wie hierdie onbekende "hulle" was nie, maar ek moes die afleiding maak dat daar iewers persone of 'n organisasie was wat vrees ingeboesem het. Begrafnisse van onlusslagoffers is sonder uitsondering uitgebuit, myns insiens om weer gevoelens op te sweep en om mense te intimideer.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Wanneer het u hierdie waarnemings gemaak? -- Deur die loop van die tyd.

Sedert 7 September, daarna? -- Daarna. Ek het voortdurend

... / in

in daardie gebiede beweeg. My observasie was deur dag en nag gedoen. Ek mag meld dat ek vir drie maande wat ek daar in die gebied in beheer was, 'n maksimum van drie tot vier ure slaap in die nag gehad het.

U waarneming was vanaf 7 September min of meer? -- Dit is korrek.

HOF : Die 3de.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Van die 3de af, van u daar gekom het. -- Ja.

MNR. JACOBS : Dit is eintlik in werklikheid van die nag tussen die 2de en die 3de het u daar gearriveer? -- Dit is korrek. Ek het telkens voor begrafnisse waargeneem dat besighede gesluit was, dit was feitlik deurlopend, dat daar geen groenteverkopers, venters, op straat was nie; dat Swartvrouens met klein kinders nie op straat beweeg het nie. Dit is alles tekens wat daarop dui dat die gemeenskap nie rustig is nie. Ek wil graag twee besondere voorvalle uitsonder. Op 15 September is 'n massabegrafnis vir onlusteslagoffers by die Evaton Begraafplaas gehou. Tydens optogte van die huise waaruit die begrafnis sou plaasvind na die begraafplaas, het die polisie langs die strate waarlangs hierdie optogte en stoete beweeg het toesig gehou. Sonder uitsondering was slagspreuke geskreeu. Ek herinner my dat die slagspreuk Amandla Awethu en die van Thambo, Thambo ensovoorts aan die orde van die dag was, so ook Swartmagtekens.

Wat is die Swartmagtekens wat u van praat? -- Die met die vuis in die lug.

HOF : Die regter gebalde vuis? -- Die regter gebalde vuis. Daar was deurlopend op die polisie langs hierdie roetes gevloek en geskel. Hulle was uitgeskel as "hinyas" en honde. Hierdie begrafnisdiens of begrafnis by die begraafplaas was

... / volgens

volgens my skatting deur plus-minus vyfduisend mense bygewoon. Selfs tydens die begrafnis by die begraafplaas was slagspreuke aan die orde van die dag, die gebruiklike Swartmagteken weer eens duidelik waarneembaar. By hierdie geleentheid ook die T-hempies wat ek reeds beskryf het waarneembaar.

Wat se liedere is gesing daar by die begraafplaas? -- As my afleiding korrek is, dan was dit nie gewyde liedere nie ... (Mnr. Tip kom tussenbei)

MNR. TIP : Ek glo nie die getuie het op enige stadium van liedere gepraat nie.

HOF : Gewoonlik word gesing by 'n begrafnis, maar ons kan vra. Is daar liedere gesing? -- Daar is liedere gesing.

Was dit Psalms? -- Ek kan nie 'n Swarttaal verstaan nie. Die gedeelte wat ek kon plaas as gewyde liedere as Psalms was vir my baie kort.

MNR. JACOBS : Kon u as hierdie liedere gesing word agterkom of name daarin genoem word of insident of enige grepe daaruit wat treffend was? -- Nie by hierdie betrokke begraafplaas nie. Ek was nie so naby nie, maar ek kon hoor dat meeste van die liedere wat gesing was, nie gewyde liedere was nie.

Kan u onthou of daar 'n preek gelewer was of iets van die aard of 'n rede gevoer was? -- Daar was wel 'n rede gevoer. 'n Mens kon hoor dat wanneer die singery ophou, iemand daar praat.

Was die rede in Engels of in 'n Swarttaal gevoer? -- Deels in Engels, deels in 'n Swarttaal.

Kon u hoor wat dit was of nie? -- Nee, ongelukkig nie. Ek het reeds gesê op hierdie datum was ek nie so naby dat ek woorde en dinge kon onderskei nie. Ek kon hoor dat daar nou Engels gepraat word of 'n Swarttaal. Ek het waargeneem vanaf 'n afstand dat kort na die begrafnis terwyl van die

... / begrafnisgangers

begrafnisgangers onderweg weg van die begrafnis was, dat 'n groep jong persone mense uit drie busse verwyder, ouer persone ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

As u sê 'n groep jong persone, wat sal u skat is hulle ouderdomme? -- Ek sou skat tussen 16 en 24, in daardie omgewing. En dat hierdie persone dan die busse beset. Ek het verwag dat hierdie optrede op miskien verdere optrede gemik was. Ek het nog twee van my voertuie na my ligging ontbied en ons het direk agter die drie busse, nadat hulle een na die ander van die begraafplaas af vertrek het inbeweeg. Die busse het in 'n grondstraat inbeweeg waarlangs ander begrafnisgangers besig was om te beweeg. Pas nadat hulle weggetrek het, is die vensters van hierdie busse uitgeskop of uitgetrap of uitgeslaan. Daar was toe alreeds van hierdie persone bo-op die dakke van die busse. Die persone bo-op die dakke het rond gedans, Swartmagtekens gegee, slagspreuke geskreeu, dié binne-in die busse het by die vensters uitgeleun en dieselfde gedoen. Ek het met my voertuig gevolg deur die ander twee voertuie direk agter die busse inbeweeg. Ek het afgelei dat hulle die skare wat besig was om die pad te verlaat, ek neem aan na hulle onderskeie wonings toe, in 'n optog probeer intrek het deur die tekens wat hulle gewys het ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

U het die teken gewys, so gewink? -- Ja en ook dat hulle deur middel van die slagspreuke wat weer eens geskreeu was die skare sou kon opsweep.

Het die skare gereageer op hierdie tekens van hulle? -- Die skare wat aanvanklik wegbeweeg het, het tog na die optog terugbeweeg, of moet ek dan sê sommige van die persone.

HOF : Na die optog of die straat? -- In die straat.

MNR. JACOBS : U sê hulle het na die optog toe terugbeweeg.

... / Watter

Watter optog?

HOF : Wag, laat ek net duidelikheid kry. Toe die busse oorgeneem is aanvanklik, was hulle op hulle doodgewone roete of was hulle busse wat begrafnisgangers van of na die begrafnis geneem het?-- Dit was busse wat begrafnisgangers na die begraafplaas gebring het en onderweg was na die begrafnis om hulle weg te neem.

Die busse is nou oorgeneem? -- Ja.

Terwyl hulle gery het, het hulle by ander begrafnisgangers wat in die straat afgestap het verbygery? -- Korrek.

En in die proses gepoog om hulle almal in 'n optog te verenig? -- Ek het so afgelei. Daar was dan ook enkele klippe na die polisievoertuie, hierdie drie wat ek reeds genoem het gegooi. Ek het ander polisiebeamptes wat in die betrokke straat was gelas om 'n padblokkade op te stel en hierdie drie busse van die res van mense en voertuie wat in die straat beweeg het af te sonder. Ek sou dan met my voertuig agter die busse dekking te gee, terwyl die ander twee voertuie aan die sykante sou inbeweeg. Hierdie opdragte is uitgevoer en ons het oorgegaan tot arrestasie van die persone in daardie betrokke busse. Terwyl ons die arrestasie uitgevoer het, is daar met klippe na ons gegooi van beide kante van die straat af. Dit het te weeg gebring dat daar 'n arrestasie uitgevoer moes word en aanvalle terselfdertyd afgeslaan moes word. In die uitvoering van die arrestasie is van sambokke gebruik gemaak om daardie persone vinnig onder beheer te kon kry en is ook van traanrook en rubberpatrone gebruik gemaak om die aanval af te slaan. 290 Persone is gearresteer. Dit het gewissel van Swartmans tot Swartvrouens. My skatting van die ouderdomme tussen 16 en 24 jaar. Waar toestande in ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

... / Is

Is dit nou klaar? U het arrestasies gedoen? -- Korrek. Arrestasies is gedoen en die mense is verwyder na die polisie-stasie te Sebokeng.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

GERHARD JOHANNES VILJOEN, nog onder eed

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Brigadier, u het nou afgehandel waar u mense gearresteer het op daardie toneel van hierdie begrafnis. -- Korrek.

Na hierdie arrestasie, wat het u agtergekom van die optrede in die woongebied daar? -- Op hierdie dag het voorvalle weer eens toegeneem. Dit was veral klipgooiery na busse en polisievoertuie.

In watter gebiede was dit hoofsaaklik? -- Hoofsaaklik in die gebiede Sharpeville en Sebokeng. In Sebokeng waar dit redelik rustig was tussen die 9de tot die 14de, het vermeerderde voorvalle weer voorgekom. In Sharpeville waar prakties geen voorvalle tussen 6 en 14 September voorgekom het nie, het die voorkoms van klipgooiery na busse en polisievoertuie ook eska-leer. Die volgende begrafnis was op 23 September toe die begrafnis van ene Sithole, volgens my inligting 'n leier in die gemeenskap, plaasgevind het. Weens voorafgaande inligting wat tot die kennis van die polisie gekom het, is besluit om sekere beperkings in terme van die Wet op Binnelandse Veiligheid op hierdie begrafnis aan te vra. Die aansoek van die polisie is deur die plaaslike landdros goedgekeur. Die beperkings was onder andere dat die begrafnis uit die Rooms-Katolieke Kerk, Gebied 14, Sebokeng gehou sou word; dat persone onder-weg tussen die huis vanwaar na die kerk beweeg sou word nie te voet sou beweeg nie, maar per voertuig; dat die lyk per lykswa vervoer sou word en nie met die hande gedra sou word

... / nie

nie; dat ook na die begraafplaas nie te voet beweeg sou word nie, maar per voertuig. Van die begin van die begrafnisseremonie, dit is die beweging van die woonhuis na die kerk ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

Watter woonhuis? -- Die woonhuis van die oorledene waarvandaan die begrafnis gehou sou word, is hierdie verbodsbepalings summier oortree.... (Hof kom tussenbei)

HOF : Waar was die begrafnis? Sharpeville, Evaton? -- Die begraafplaas was te Evaton.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : En die begrafnis? -- Die begrafnis is daar gehou.

MNR. JACOBS : En die kerk waar dit gehou was, het u gesê is in Sebokeng? -- Gebied 14, Sebokeng. In Evaton is die begraafplaas vir Sebokeng.

Kom ons kry dit dan net duidelik. Die huis van die oorledene, waar is dit geleë? -- In Sebokeng.

En die prosedure wat gevolg word in hierdie begrafnisse, kom daar mense by die huis bymekaar en dan beweeg hulle na die kerk toe? -- Die prosedure is dat die voorafgaande nag die familie en gaste reeds by so 'n oorledene se huis byeenkom. Hulle noem dit 'n "night vigil". Die begrafnisondernemer bring dan ook op 'n gegewe tyd die lyk na daardie huis toe, vanwaar daar dan na die kerk beweeg word.

Het u hierdie huis onder observasie gehou? -- Ek persoonlik nie.

Waar het u op die toneel gekom? -- By die kerk - ek moet hier ook sê dat die begrafnisdiens was nie vanuit die Rooms-Katolieke Kerk, Gebied 14 gehou nie, maar wel vanuit die Anglikaanse Kerk, Gebied 13.

HOF : Dit is in stryd met die verbod? -- In stryd met die verbod. Ek mag ook noem dat daar ook 'n verbod geplaas was op

... / die

die hou van politieke toesprake binne-in die kerk en die sing van vryheidsliedere. Die persone wat ek by die kerk aangetref het, het wel te voet beweeg. Swartmagtekens en slagspreuke was weer eens aan die orde van die dag. Hierdie gedrag van slagspreuke skreeu en Swartmagtekens wys, het by die kerk voortgegaan. Daar was ook 'n groot groep mense in die perseel van die kerk asook daaromheen versamel. Ek het per luidspreker persoonlik en ook deur middel van 'n tolk met die skare gepraat en versoek dat dié wat aan die begrafnis deel wou hê die kerkperseel moes betree. Ek het persone wat nie binne die kerkperseel was nie, gewaarsku om uiteen te gaan. Daar was nie gehoor aan hierdie versoek gegee nie, waarop diésulkes dan deur middel van sambokke uiteen gedryf is. Ek het die betrokke eerwaarde nie sy naam gevra nie, ek kan derhalwe nie vir u sê wie hy was nie, dit was 'n Swartpredikant. Ek het hom genader en die verbodsbepaling aan hom voorgehou. Ek het hom versoek om dit aan die begrafnisgangers oor te dra. Daar was egter geen verbetering van gedrag volgens my waarneming nie. Swartmagtekens en slagspreuke het voortgegaan.

Was daar gesing gewees? -- Daar was gesing. By hierdie geleentheid kon ek hoor dat die lied Sikilele Afrika gesing word.

Ander liedere? -- Ek kon nie aflei nie. Weer eens, volgens my waarneming, was die gedeelte waarin gewyde liedere gesing was baie kort.

Ander liedere? -- Ek het nie waargeneem nie.

Was daar ander liedere gesing? -- Daar was ander liedere gesing, maar ek kan nie sê wat dit was nie.

Wat het gebeur by die kerk? Is die diens gehou en wat toe? -- Daar was 'n diens by die kerk gehou. Na my versoek aan die eerwaarde om gehoor te gee aan die beperkings, moes

hulle seer sekerlik busse ontbied het, want daar het busse later opgedaag na die begrafnis. Daar het ook 'n lykswa opgedaag. Die busse was waarskynlik te min, want van die kerk na die begraafplaas het daar nog persone te voet gehardloop. Langs die roete na die begraafplaas het verskeie groepe Swartpersone by die stoet aangesluit ook te voet. Tussen die skare by die kerk en in beweging, was weer eens die T-hempies waargeneem. Ek herinner my aan 'n prominente persoon wat gekleed was in 'n geel T-hempie met die kaart van Afrika in swart daarop. Volgens my waarneming by die kerk was hierdie persoon op 'n stadium buite die kerkperseel besonder opruiend. Ek het dan ook van die polisiebeamptes opdrag gegee om te poog om die persoon uit die groep te verwyder. Hy het egter in die kerk verdwyn en ek wou nie daar enige rusverstoring veroorsaak nie en het dit daar gelaat. Ek het ook 'n banier waargeneem met die woorde Vaal Youth League in swart op 'n wit agtergrond aan die bokant daarvan en die woorde One man aan die een kant reg onder mekaar geskryf in die lengte. One man aan die een kant en One vote aan die ander kant.

Ek wil vir u vyf foto's wys. Kan u dit net identifiseer en vir ons sê is dit die foto's wat by daardie begrafnis geneem was waar u teenwoordig was? -- Ja, hierdie foto toon die persoon waaroor ek getuig het met die geel hemp met die Afrika-kaart daarop.

<u>HOF</u> : Gaan u dit inhandig?

<u>MNR. JACOBS</u> : Ja.

<u>HOF</u> : Wat gaan die nommers wees?

<u>MNR. JACOBS</u> : <u>AAU(1) tot (5)</u>.

<u>MNR. TIP</u> : U Edele, ek mag net meld dat die verdediging die foto's nog nie gesien het nie. Op hierdie stadium is daar geen toestemming dat hulle sondermeer ingehandig word nie.

... / HOF

HCF : Toestemming het ek nie nodig nie. Die getuie het 'n reg om 'n foto in te handig. As daar 'n beswaar is sal ek met die beswaar handel en daaroor uitspraak gee. U hoef nie vir my te sê of u toestemming gee of nie toestemming gee nie.

MNR. TIP : Nee, natuurlik nie.

HCF : Al wat u kan sê is dat u u reg voorbehou. Sal u die eerste foto beskryf dat ek dit net kan aanteken. Wat staan op AAU(1)? -- Op hierdie foto - dit is by die begraafplaas, ek kan dit aflei uit die geboue hier agter. Hier is 'n persoon met 'n geel T-hempie met die kaart van Afrika in swart hier op. Hier is ander persone om hom wat weer eens Swartmagtekens wys, die vuis in die lug en ek sien ook vir eerwaarde Lord McCamel hier op die foto.

Die foto, neem ek aan, is nie deur u geneem nie? -- Dit is nie deur my geneem nie.

Is dit wat op die foto staan, dit wat u waargeneem het? -- Dit is wat ek waargeneem het.

MNR. JACOBS : En die persoon daar op, kan u hom identifiseer? -- Ja, ek het dit reeds gedoen toe ek vanoggend ingekom het. Die persoon reg op die hoek van die bank daar.

HCF: Heel links? -- Heel links.

Sal hy net opstaan. Is dit die beskuldigde? -- Dit is korrek.

Beskuldigde nr. 1. Is dit die persoon met die geel T-hemp? -- Dit is die persoon met die geel T-hemp.

Is die persoon met die geel hemp wat u uitken as beskuldigde nr. 1, dieselfde persoon wat u vantevore genoem het wat 'n prominente rol gespeel het by die kerk? -- Korrek.

Wat u wou laat arresteer of verwyder? -- Ja.

MNR. JACOBS : Die tweede foto? -- Op die volgende foto AAU(2) verskyn die persoon weer eens.

Ek dink u kan nou na hom verwys as beskuldigde nr. 1. -- Beskuldigde nr. 1. Ek sien ook eerwaarde Lord McCamel hier asook die banier met die woorde Vaal Youth League, One Man - One Vote en hier onder staan ook Zone. Ek dink dit is Zone 14.

HOF : Waar is die foto geneem? -- By die Evaton Begraafplaas.

MNR. JACOBS : Ook by die toneel soos u dit waargeneem het daar? -- Soos ek dit waargeneem het.

HOF : Is Lord McCamel die persoon wat heel voor op die foto staan? -- Die groot kort persoon.

Naaste aan die fotograaf? -- Naaste aan die fotograaf.

En beskuldigde nr. 1 is die persoon regs met die Afrika-kaart op sy bors? -- En wat die Swartmagteken tee.

MNR. JACOBS : U kan oorgaan na die volgende foto toe, AAU(3)? -- Die foto toon die banier baie prominent asook 'n groep persone met die Swartmagteken. Hierdie foto kon of geneem gewees het, as my terugplaas op die toneel, by die kerk voor vertrek of op die roete of by die begraafplaas. Hier is nie 'n straat of iets wat vir my 'n aanduiding kan gee van die punt waar dit geneem was nie.

Is hierdie foto ook van wat u waargeneem het daar? -- Ek het dit so waargeneem.

AAU(4)? -- Die foto is volgens my waarneming geneem by die ingang van die Evaton Begraafplaas. Dit toon 'n groep persone, Swartpersone te voet in aantog, weer eens met die Swartmagteken baie duidelik waarneembaar.

Soos dit ook deur u waargeneem was? -- Korrek.

En dan die laaste foto AAU(5)? -- Hierdie foto toon die banier soos ek dit reeds beskryf het met 'n voertuig in die agtergrond. Ek kan werklik nie sê waar dit geneem was nie. Ek kan nie hier 'n afleiding maak nie.

Was dit die banier wat daar gebruik was op die toneel?

... / Dit

-- Dit is die banier wat ek waargeneem het wat daar gebruik was.

Dit is net meer 'n foto van die banier om te sien wat daarop staan? -- Korrek.

HOF : U het gepraat van die Vaal Youth League op die banier. Op die foto sien ek op die banier Vaal Youth Congress. Is dit dieselfde waarna u verwys? -- Dit is korrek.

Dit is Vaal Youth Congress nie Vaal Youth League nie? -- Korrek.

En onder aan die banier staan Zone 14? -- Korrek.

Op foto AAU(1) heel voor, die persoon met die baard, is dit Lord McCamel? -- Korrek. Ek ken hom.

MNR. JACOBS : Kan u nou voortgaan, toe u by die toneel aankom, wat het daar gebeur by die begraafplaas? -- Die opruiende gedrag en optrede het by die begraafplaas voortgegaan soos daar deur die foto's duidelik getoon word. In die lig van voorafgaande inligting en die gedrag van hierdie skare, het ek besluit dat so 'n oproerige onwettige klaarblyklik gewelddadige persone nie op die gemeenskap summier losgelaat kan word na die begrafnis nie en besluit dat 'n arrestasie onmiddellik na die begrafnis uitgevoer sal word. Toe die begrafnisseremonie volgens my waarneming feitlik afgehandel was, het ek 'n omsingelingsbeweging met my voertuie uitgevoer. Kort hierna het begrafnisgangers in alle rigtings laat spat en deur die polisiekordon probeer kom. Andere het in busse wat op die begraafplaasgronde gestaan het geklim. Weer eens is daar deur die persone wat daarin kon slaag om deur die kordon van polisiebeamptes te kom met klippe na die polisie gegooi. 'n Aanval moes weer afgeslaan word deur middel van die aanwending van rubberpatrone en traanrook en die nodige geweld moes gebruik word ten einde 'n arrestasie te kon uitvoer. Daar

... / was

was van sambokke gebruik gemaak. In die proses is 570 persone arresteer. Die begrafnis was volgens my skatting deur tussen 'n duisend na 'n duisend en vyfhonderd persone bygewoon. Ek het 340 polisiebeamptes tot my beskikking gehad om die arrestasies effektief te kon uitvoer.

Onder die persone wat gearresteer was, was beskuldigde nr. 1 een van hulle? -- Korrek. Beskuldigde nr. 1 was een van die persone. Ek was teenwoordig toe hy deur 'n lid van die Veiligheidstak gekonfronteer was. Tydens die gesprek waarby ek bygestaan het, het dit aan die lig gekom dat beskuldigde nr. 1 nie 'n inwoner van Sebokeng is nie, maar dat hy wel van Soweto afkomstig was. Ek het ook gesien dat die veiligheidslid sekere dokumente by hom kry. Ek weet nie wat die inhoud daarvan was nie. Ek het dit nie self ter hand gehad nie. Beskuldigde nr. 1 is deur die veiligheidspolisiebeampte van die toneel verwyder. Ekself het geen verdere kontak met hom gehad nie.

Vir die tyd wat u nou daar in die Vaal opgetree het, kon u 'n algemene waarneming doen oor die hele tydperk wat hoofsaaklik die teikens was van die mense? -- Korrek. Ek wil net graag byvoeg dat onmiddellik na hierdie begrafnis, dieselfde toestand as na die vorige een ontstaan het en ook weer eens 'n toename van voorvalle in Sebokeng, Sharpeville en by hierdie geleentheid ook in Bophelong. Deur die loop van my diensverrigtinge in daardie gebied, het ek afgelei dat die opset daar georganiseer moes wees.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Wat bedoel u by opset? -- Die totale onlusopset. Ek grond dit op die feit dat daar spesifieke teikens uitgesonder was, spesifieke persone ook, byvoorbeeld raadslede en hulle wonings, polisiebeamptes en hulle wonings, drankwinkels wat aan die Administrasie of

... / Ontwikkelingsraad

Ontwikkelingsraad behoort, besighede wat aan raadslede behoort, geboue wat aan die Raad behoort, soos byvoorbeeld die raadskantore, biersale wat dan ook Ontwikkelingsraad- of raadseiendom was, ek is nie presies seker watter van die twee daar beheer gehad het nie en dan ook die gedetermineerde optrede waar persone se huise dan twee keer aangeval is. Hier dink ek aan die aanvalle op die huise van raadslid Dhlamini en Radebe. Ek het ook kennis geneem dat die huis van ene raadslid Liphoko ook op twee geleenthede aangeval was. Ek was betrokke ook by die 1976 onluste in Soweto en as ek dan 'n vergelyking mag tref, het ek in Soweto massas persone hanteer van selfs soveel as twee- tot drieduisend in 'n groep. Hierdie massas het ook raadskantore ensovoorts vernietig, maar ook enige persoon wat in hulle pad gekom het. Daar het ek dikwels gevind dat selfs drie-ton vragmotors omgekeer en aan die brand gesteek was. Die onlusopset in die Vaal Driehoek was vir my meer georganiseerd in die sin dat kleiner groepe volgens my waarnemings sekere teikens gehad het.

Hoe was die vergelyking - in 1976 sê u was voor die voet aangeval - met hier in die Vaal? -- Soos ek reeds gesê het, dit het vir my duidelik geblyk dat daar spesifieke teikens was.

En die padversperrings wat u nou raakgeloop het hier in die Vaal van wanneer het dit begin op die 3de? -- Daardie padversperrings was reeds aangebring in die woongebied Sebokeng op die aand van die 2de toe ek die toneel daar besoek het. Ek was ook per radio ingelig dat daar reeds padversperrings in Boipatong en Sharpeville aangebring was.

HOF : Op dieselfde aand? -- Ek het dit nie self daar waargeneem nie.

Nee, op dieselfde aand is u al ingelig? -- Op dieselfde aand.

... / Laat

Laat ons die ding net duidelik kry. Op die aand van 2 September was die padversperrings al aangebring te Sebokeng en u het inligting ontvang dat dit aangebring is in Sharpeville en Boipatong. -- Ek stel dit net reg. Dit was reeds aangebring in Bophelong, 'n gebied wat ek daardie aand besoek het en ook het ek inligting ontvang dat dit ook aangebring was in Sharpeville en Boipatong.

MNR. TIP : U Edele, die getuienis - voordat ek enige vrae stel, as u net kortliks mag toespreek - wat nou gelewer is, is heelwat anders as wat ons eintlik verwag het. Dit was aan ons gesê, soos ek die posisie verstaan het, dat dit slegs 'n algemene beskrywing sou behels en dit sluit eintlik 'n aantal spesifieke gebeurtenisse in en hiervan sluit ook bewerings in wat die twee beskuldigdes spesifiek aantas. Dit is beskuldigdes nrs. 1 en 3. Dit sluit ook in 'n vergelyking met die gebeure van 1976 en gevolgtrekkings wat daarvan gemaak word. Die posisie is eintlik dit dat ek my nou voorberei het om die getuie te kruisverhoor in die algemeen. Soos ek aangedui het, was dit natuurlik ons verwagting. Daar is duidelik ten minste die nodigheid dat opdragte verkry word ten opsigte van die spesifieke voorvalle wat hier beskryf word. Ek wonder of u in die omstandighede dit sal toestaan dat die getuie afstaan. Dit mag ook wees ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Afstaan tot wanneer? Kyk, die instruksies kan u kry by beskuldigdes nrs. 1 en 3. Dit behoort nie te lank te vat nie.

MNR. TIP : Dit is so, maar hier is twee groot begrafnisse wat hier ter sprake gekom het en dit mag wees dat 'n mens ook daar ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Wel, by die een begrafnis was beskuldigde nr. 1. Dit

... / weet

weet ons, volgens die getuienis. Dit is nie 'n probleem nie. Tot wanneer wil u die getuie laat afstaan? Tot na ete?

MNR. TIP : Tot na ete.

HOF : Dit is in orde. Sal u in staat wees om hom te kruisvra om 14h00?

MNR. TIP : Hopelik wel.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K202 MNR. JACOBS : Voor die verdediging gaan aansoek doen vir uitstel, wil ek net aan die Hof meld dat die tolk het reeds (10) bank toe gegaan, maar mnr. Tip sê hulle verstaan almal Engels en dit is nie nodig dat die tolk vir die uitstel hier is nie. Die getuie self het ook gaan eet. Ek sal dit aan hom oordra dat die saak môre sal aangaan.

COURT : Counsel for the defence came to see me in chambers and at the request of the defence, I grant an adjournment till tomorrow morning at 09h00.

CASE ADJOURNED TILL 17 APRIL 1986.

- - - - - - - - - -

## DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989


### *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**



### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.


### *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-I1-9-64**
*Document Title:-* **Vol 64 p 3364-3399. Witness: Viljoen**